

GRAAD 11 : OPSOMMING : KWARTAAL 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van sewe maniere wat Tesla se pogings behels om sy inkomste op sy elektriese motors te verbeter en waarom dit nodig is.

- 1 Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- 2 Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
- 3 Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- 4 'n Beplanning moet voor die finale poging aangebied word.
- 5 Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

Tesla maak U-draai oor winkels

Nadat Tesla twee weke gelede gesê het hy gaan ál sy Amerikaanse vertoonlokale toemaak en sy motors net aanlyn verkoop, het hy die naweek 'n U-draai gemaak. Net sowat die helfte van die handelaarskappe gaan nog sluit, is Sondag bekend gemaak. By die res gaan die personeel verklein word. Dit is die jongste maatreël deur Musk en kie. om Tesla te probeer winsgewend kry. "Ons het oor die afgelope twee weke elke liewe Tesla-verkooppunt geëvalueer en besluit om baie meer winkels oop te hou as wat voorheen aangekondig is," lui 'n verklaring deur die maatskappy. In 'n poging om sy inkomste te verbeter, gaan Tesla ook die prys van sy voertuie met gemiddeld 3% verhoog, behalwe dié van die heel eenvoudigste Model 3-motor, wat vir \$35 000 (sowat R502 000) verkoop word. Die duurder Model 3, die Model S en die Model X se pryse gaan wel styg.

Tesla het ook onlangs aangekondig hy het nuwe tegnologie wat eienaars binnekort in staat gaan stel om hul motor se battery in net sowat 15 minute ten volle te herlaai. Die nuwe V3-tegnologie sal die herlaai tyd halveer, het die maatskappy op sy webwerf aangekondig. Dit sal eerste in Amerika beskikbaar wees en in die vierde kwartaal van vanjaar ook in Europa en Asië. Dit is alles oënskynlik pogings om 'n verslegtende mark teë te werk. Nie net plaas aandeelhouders druk op Tesla nie, maar die vraag na elektriese motors gaan na verwagting binnekort in Amerika verlangsaam. Die maatskappy is ook tans besig om dringend gesprekke te voer met Derek Kan van die departement van vervoer om belastingkorting op elektriese motors steeds te promoveer.

Uit: *Beeld*, 14 Maart 2019

GRAAD 11 : OPSOMMING : KWARTAAL 2

**Beplanning
MEMORANDUM**

	Oorspronklike woorde		Eie woorde
1	Nadat Tesla twee weke gelede gesê het hy gaan al sy vertoonlokale toemaak en sy motors net aanlyn verkoop, het hy die naweek 'n U-draai gemaak. Net sowat die helfte van die handelaarskappe gaan nog sluit.	A	Tesla het teen die sluiting van sy vertoonlokale besluit – slegs die helfte van die maatskappy se lokale gaan nou sluit.
2	By die res gaan die personeel verklein word.	B	By alle ander lokale word die personeel verminder.
3	Tesla gaan ook die prys van sy voertuie met gemiddeld 3% verhoog.	C	Die prys van Tesla-voertuie word met drie persent verhoog.
4	Tesla het onlangs aangekondig hy het nuwe tegnologie wat eienaars binnekort in staat gaan stel om hul motor se battery in sowat 15 min. ten volle te herlaai.	D	Nuwe tegnologie vir die herlaai van hul motorbattery is ook aangekondig.
5	Die nuwe V3-tegnologie sal herlaaityd halveer, het die maatskappy op sy webwerf aangekondig.	E	Herlaaityd word met behulp van V3-tegnologie halveer.
6	Dit sal eerste in Amerika beskikbaar wees.	F	Amerika sal die voordeel eerste geniet, daarna Europa en Asië.
7	Europa en Asië sal dit in die vierde kwartaal vanjaar ondervind		
8	Die maatskappy is ook tans besig om dringend gesprekke te voer met Derek Kan van die departement van vervoer om belastingkorting op elektriese motors steeds te promoveer.	G	Dringende onderhandelings vind ook tans plaas ten einde belastingkorting op elektriese motors te finaliseer.

Finale poging

Tesla het teen die sluiting van sy vertoonlokale besluit – slegs die helfte van die maatskappy se lokale gaan nou sluit. By alle ander lokale word die personeel verminder. Die prys van Tesla-voertuie word met drie persent verhoog. Nuwe tegnologie vir die herlaai van hul motorbattery is ook aangekondig. Herlaaityd word met behulp van V3-tegnologie halveer. Amerika sal dié voordeel eerste geniet, daarna Europa en Asië. Dringende onderhandelings vind ook tans plaas ten einde belastingkorting op elektriese motors te finaliseer.

79 woorde

TOTAAL AFDELING B: 10